# WorksheetCloud.com - Vraestel

**Vak:** Graad 9 Afrikaans: EAT
**Onderwerp:** Afrikaans EAT: Eksamen Kwartaal 2
**Totaal:** 99 Punte

**Naam:**

**Datum:**

---

**Vraag 1: Veelvuldige Keuse** 4 punte

Kies die korrekte sin met die werkwoord in die **verlede tyd**:

Teenwoordige Tyd: **Gert skakel die lig aan.**

| | |
|---|---|
| **A** | Gert wou die lig aanskakel. |
| **B** | Gert sal die lig aanskakel. |
| **C** | Gert het die lig aanskakel. |
| **D** | Gert sou die lig aanskakel. |

---

**Vraag 2: Skryf Jou Antwoord** 3 punte

Voltooi die volgende sin in die **ontkennende vorm** deur die ontbrekende woord in te vul:

Die man is baie sterk.

**Die man is nie baie sterk ... .**

---

**Vraag 3: Veelvuldige Keuse** 4 punte

Kies die korrekte woord om die volgende idiomatiese uitdrukking te voltooi:

**Voëls van eenderse ...**

| | |
|---|---|
| **A** | soort |
| **B** | swerm |
| **C** | vere |
| **D** | kleur |

---



Kry meer inhoud by **www.worksheetcloud.com**

*Kopiereg Learning Lab Apps (Edms.) Bpk. Alle regte voorbehou.*

**Vraag 4: Skryf Jou Antwoord** 3 punte

Voltooi die volgende bekende **vergelyking** deur slegs een woord in te vul:

**So glad soos ...**

| |
|---|
| |

---

**Vraag 5: Veelvuldige Keuse** 4 punte

Watter soort voornaamwoord is onderstreep in hierdie sin?

**Julia bel <u>my</u> elke dag na skool.**

| | |
|---|---|
| **A** | aanwysende voornaamwoord |
| **B** | besitlike voornaamwoord |
| **C** | persoonlike voornaamwoord |
| **D** | vraende voornaamwoord |

---

**<u>Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 6, 7, 8</u>**



Kry meer inhoud by **www.worksheetcloud.com**

*Kopiereg Learning Lab Apps (Edms.) Bpk. Alle regte voorbehou.*




**Vraag 6: Skryf Jou Antwoord** 3 punte

Wat is die naam van die manlike <u>akteur</u> in die film? Skryf net sy naam neer.

**Vraag 7: Skryf Jou Antwoord** 3 punte

Wat is die naam van die vroulike <u>karakter</u> in die film? Skryf net haar naam neer.



Kry meer inhoud by **www.worksheetcloud.com**
*Kopiereg Learning Lab Apps (Edms.) Bpk. Alle regte voorbehou.*

**Vraag 8: Skryf Jou Antwoord** 3 punte

In watter maand word die rolprent vrygestel? Skryf net die maand neer.

| |
|---|
| |

**Vraag 9: Waar/Onwaar** 2 punte

Die volgende is 'n voorbeeld van **alliterasie**:

**"Nou slaap hul almal aan die kant"** - S.J. Pretorius

| WAAR | ONWAAR |
|---|---|

**Vraag 10: Veelvuldige Keuse** 4 punte

Watter letter dui op **alliterasie** in die volgende sin?

**Die ketting klingel kort-kort.**

| | |
|---|---|
| **A** | e |
| **B** | d |
| **C** | k |
| **D** | i |

**Vraag 11: Waar/Onwaar** 2 punte

Die onderstreepte woord is 'n **bywoord van tyd**:

Die petrolprys is deesdae baie hoog.

| WAAR | ONWAAR |
|---|---|



Kry meer inhoud by **www.worksheetcloud.com**

*Kopiereg Learning Lab Apps (Edms.) Bpk. Alle regte voorbehou.*

**Vraag 12: Veelvuldige Keuse** 4 punte

**Klanknabootsing** gebruik woorde wat die regte geluid of aksie namaak. Kies die korrekte woord om die volgende te voltooi:

**Die water ... teen die rotse.**

| | |
|---|---|
| **A** | druis |
| **B** | bulk |
| **C** | klots |
| **D** | ritsel |

---

**Vraag 13: Voltooi Die Ontbrekende** 4 punte

Gee die ontkennende vorm van die volgende woorde. Gee jou antwoorde in die volgorde soos wat dit algemeen gebruik word.

**al ooit - (1) , (2) .**

Opsies Is: al | nêrens | ooit | nog | nie | nooit

| | | | |
|---|---|---|---|
| **1** | | **2** | |

---

**Vraag 14: Voltooi Die Ontbrekende** 6 punte

Herskryf die volgende sin in die lydende vorm. Kies jou antwoorde in die volgorde om die sin korrek te voltooi.

Bedrywend: **Ek verf die klaskamer.**

**(1) , (2) , (3) .**

Opsies Is: deur ek | geverf | die klaskamer is | deur my | die klaskamer word

| | | | |
|---|---|---|---|
| **1** | | **2** | |
| **3** | | | |

---



Kry meer inhoud by **www.worksheetcloud.com**
*Kopiereg Learning Lab Apps (Edms.) Bpk. Alle regte voorbehou.*

**Vraag 15: Skryf Jou Antwoord** 3 punte

Gee die korrekte vorm van die werkwoord om die sin in die Verlede Tyd te voltooi:

Teenwoordige Tyd: **Hy is baie moeg.**

Verlede Tyd: **Hy ... baie moeg**.

**Vraag 16: Skryf Jou Antwoord** 3 punte

Herskryf die volgende vraagsin as 'n **stelsin**. Gebruik net die woorde wat in die sin is. Onthou die korrekte leesteken!

**Drink Ben gaskoeldrank?**

**Vraag 17: Veelvuldige Keuse** 4 punte

Watter een van die volgende is nie 'n **vergelyking** nie?

| | |
|---|---|
| **A** | Die golwe is soos wit perde. |
| **B** | Hy skree soos 'n maer vark. |
| **C** | Sy stem is donderweer. |
| **D** | Kobus hardloop soos die wind. |

**Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 18, 19**



Kry meer inhoud by **www.worksheetcloud.com**
*Kopiereg Learning Lab Apps (Edms.) Bpk. Alle regte voorbehou.*


11 tydskrifte • 35 koerante

Netwerk24. Alles op een plek. Teken in by www.netwerk24.com

Watter skool kraai koning in wiskunde?
Uithaal-en-bêre-plakkaat vandag binne

DIE BURGER

Fred: Rondkyk-Rothmans en aaptwak bl. 18

Clifton: R960 000 vir vier nagte se verblyf! bl. 3

Thelo: 'WP trek, maar verkoop nie Nuweland' bl. 6

Wes-Kaapse premierskandidaat
WINDE van verandering
'DA gaan vir elke stem veg' bl. 4

Professor in hof vir 'moord' ná dokter se dood

2 brand erg toe ligte vliegtuig neerstort

SLAGHUIS

54⁹⁹

109⁹⁹

Giant Hyper

## Vraag 18: Waar/Onwaar

2 punte

Netwerk24 publiseer net koerante.

| WAAR | ONWAAR |
|---|---|

## Vraag 19: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Kyk na die advertensie. Die <u>plek waar ons vleis koop</u>, word 'n ... genoem.



Kry meer inhoud by **www.worksheetcloud.com**
*Kopiereg Learning Lab Apps (Edms.) Bpk. Alle regte voorbehou.*

**Vraag 20: Skryf Jou Antwoord** 3 punte

Gee die korrekte vorm van die byvoeglike naamwoord (bv. Die grond is **hard**. Die **harde** grond.):

Die stroom is **wyd**. Die ... stroom.

| |
|---|
| |

---

**Vraag 21: Voltooi Die Ontbrekende** 4 punte

Voltooi die volgende uitdrukking sodat dit 'n vorm van **personifikasie** is. Gee jou antwoorde in die volgorde soos wat dit in die sin voorkom.

**Die (1) (2) deur die bome.**

Opsies Is: man | fluister | kinders | waai | wind

| | | | |
|---|---|---|---|
| **1** | | **2** | |

---

**Vraag 22: Voltooi Die Ontbrekende** 4 punte

Gee die afkortings van die volgende woorde. Gee jou antwoorde in die volgorde soos wat dit in die sin verskyn.

Ek weet in watter **straat** hy woon, maar ek weet nie by watter **nommer** nie. (1) , (2)

Opsies Is: s.t.r. | nom. | str. | nr. | n.o.

| | | | |
|---|---|---|---|
| **1** | | **2** | |

---

**Vraag 23: Skryf Jou Antwoord** 3 punte

Vul die ontbrekende woord in om die bedrywende vorm korrek te voltooi:

Lydend: Hy word deur haar geroep.
Bedrywend: **Sy roep .... .**

| |
|---|
| |

---



Kry meer inhoud by **www.worksheetcloud.com**
*Kopiereg Learning Lab Apps (Edms.) Bpk. Alle regte voorbehou.*

**Vraag 24: Waar/Onwaar** 2 punte

Die volgende sin is 'n bevelsin:

**Doen julle huiswerk en hou op praat.**

| **WAAR** | **ONWAAR** |
|---|---|

---

**Vraag 25: Voltooi Die Ontbrekende** 4 punte

Identifiseer die byvoeglike naamwoorde in die volgende sin. Gee jou antwoorde in alfabetiese volgorde.

**Die moeë ma waardeer haar goeie kind baie. (1) , (2)**

Opsies Is: moeë | ma | waardeer | haar | goeie | baie

| **1** | | **2** | |
|---|---|---|---|

---

**Hierdie teks verwys na die volgende vrae: 26**

**Hoe het jy met Jolyn Phillips se skryfwerk in aanraking gekom?** Gewoonlik skep ek my eie stories. As teatermaker is ek egter altyd op soek na vars idees en vernuwing. Daarom lees ek wyd.
**Wat het jou van die tekste aangegryp?** Daar is ’n menswaardigheid omtrent die stories, karakters, en die landskappe waarin hulle woon en hulself bevind. Dit is vir my belangrik om hierdie stories meer lewe te gee.

**Waarom is dié produksie relevant?** Die verhale mimeer die natuurlike wanorde van die daaglikse lewe. Die stuk wek empatie met die bitter glans van verdriet.

**Wat is die boodskap wat dié produksie wil oordra?** Die produksie ondersoek die impak van verlies.

**Vraag 26: Skryf Jou Antwoord** 3 punte

Lees die uittreksel uit ‘n onderhoud en beantwoord die vraag wat daarop volg:

Skryf die volgende sin oor in die Indirekte Rede:

**Christiaan vra: “Hoe het jy met Jolyn Phillips se skryfwerk in aanraking gekom?”**

Begin soos volg: Christiaan vra ....

---



Kry meer inhoud by **www.worksheetcloud.com**
*Kopiereg Learning Lab Apps (Edms.) Bpk. Alle regte voorbehou.*

**Vraag 27: Waar/Onwaar** 2 punte

Bepaal of die volgende afkorting korrek is:

**byvoeglike naamwoord = b.nw.**

| WAAR | ONWAAR |
|---|---|

---

**Vraag 28: Voltooi Die Ontbrekende** 4 punte

Kies die korrekte woorde om die volgende idioom te voltooi. Gee jou antwoorde in die volgorde soos wat dit in die sin voorkom.

Elke persoon / enige mens:
**(1) (2) en sy maat.**

Opsies Is: Koos | Tom | Rap | Manne | Jan | Piet

| 1 | | 2 | |
|---|---|---|---|

---

**Vraag 29: Waar/Onwaar** 2 punte

**Ben vra: "Mag ek roomys kry?"**

Die volgende sin is die korrekte vorm van die *indirekte rede*:

**Ben vra mag hy roomys kry.**

| WAAR | ONWAAR |
|---|---|

---

**Vraag 30: Voltooi Die Ontbrekende** 4 punte

Voltooi die volgende sin met die toepaslike voornaamwoorde. Gee jou antwoorde in die volgorde soos wat dit in die sin voorkom.

**Ek het (1) sambreel gekoop omdat (2) gaan reën.**

Opsies Is: dit | myne | hierdie | ons s'n | daar

| 1 | | 2 | |
|---|---|---|---|

---

**Totaal:** 99 Punte



Kry meer inhoud by **www.worksheetcloud.com**
*Kopiereg Learning Lab Apps (Edms.) Bpk. Alle regte voorbehou.*